# ZASTRONNER

Uitleg en Ontwerp deur TSD Groep (info@tsd.co.za) ~ Maart 2013 ~ Prys: R10.00


# Geen Riviere van bloed in Zastron Strate.



*Ons Slagpale* *Foto: Alex van Rensburg*

Ek het sopas, met skok, die berig in die Volksblad van 4 Februarie, oor Zastron, waar bloed vrylik in die strate vloei, gelees. Ondersoek moes dadelik na die voorval ingestel word.

Volgens die berig het die bloed, vrylik, voor 'n sakeonderneming in die straat afgevloei. Verder word berig dat die sakeman beweer dat sy kliente kla oor die stank en die gesig van soveel bloed. Volgens hom is dit ook 'n gesondheids risiko.

Aan die einde van die berig blyk dit egter dat die plek wat beskryf word, buite die dorp, by 'n slagpale geleë is.

Begelei deur die eienaar, Mnr. Leon Scorrano, stap ons by die groot hek van "Ons Slagpale", in. Die eerste indruk – 'n mooi, netjiese gebou in 'n goed versorgde, rustige omgewing. Binne die gebou is alles skoon en netjies op sy plek.

Dreinerings proppe wat verhoed dat bloed in die rioolstelsel syfer sluit stewig, terwyl siwwe daarvoor sorg dat heel stukke, soos bene, gekeer word. Scorrano beplan ook om binnekort septiese tenks, wat sal verhoed dat selfs die kleinste lekkasie kan plaasvind, te instaleer.

Die situasie was dus nie so erg as wat beskryf is nie. Dit wat daar was kon wel deur 'n verstopping in die rioolstesel, laer af, veroorsaak gewees het.

Die aantygings in die berig is dus baie duidelik uit verband geruk en die skuld vir die situasie kan nie aan die deur van die slagpale gelê word nie.



*Netjiese binnekant* *Foto: Alex van Rensburg*



*Een van die siwwe wat soliede stukke terughou* *Foto: Alex van Rensburg*

Aan die buitewêreld – daar vloei NIE bloed in Zastron se strate nie. Die skoon- en netheid van ons slaghuise is opvallend – kom kyk self.


Maak gerus gebruik van u vriendelike koerier.

**NON STOP COURIER**

Zastron, Wepener, Bloemfontein, Reddersburg, Smithfield, Rouxville en Aliwal Noord.

**(Koerier ook Zaston Nuusblad)**

Kontak Martin Sel 076 853 9671



Korrespondensie aan: die Redaksie, Posbus 21, ZASTRON, 9950, Tel. nr. (051) 673 1281

# Uit Ons Pen

Goeie dag, Zastronners

En ons helde hou aan val.......eers was dit Lance, nou is dit Oscar. 'n Mens vergeet mos maar dat sport helde ook net mense is - met buitengewone talente. Hulle is nie noodwendig mense met buitengewone talente EN inbors nie. Nie alle sport helde se gedrag van die sportveld af, stel 'n goeie voorbeeld nie. Gits, nie eens alle deelnemers aan amateur of skole sport en nie eens alle toeskouers van enige sport stel altyd 'n goeie voorbeeld nie! Ons verwag dalk te veel van ons helde.

Ja, sekere misdrywe is baie ernstiger as ander, maar die ding wat pla, is hoe dit wil voorkom asof mense hul verlustig in die val van helde en die mislukking van leiers. Die mentaliteit van "ek het julle mos gesê....." ! Hoe mense so geredelik 'n ou kruisig terwyl ondersoeke nog aan die gang is – of hy nou skuldig is of nie, ons glo so maklik die slegste van mense. Laat dit ons moontlik beter voel oor onsself? Dalk is dit 'n simptoom van die land waarin ons leef. Slegte dinge gebeur heeltemal te gereeld – ons word verniel deur geweld en slegte nuus. Dit lei dalk daartoe dat ons maklik aannames maak oor mense, gebaseer op irrelevante inligting of hoorsê – of erger nog, gebaseer op vooroordeel. En die volgende meganisme wat ons gebruik om te "cope" met al die wreedheid om ons, is om grappies te maak daaroor. Ja, ons lag lekker. Ons moet net versigtig wees om nie wreed te lag nie. In die laaste tyd was daar heelparty grappe wat 'n slegte smaak in die mond gelos het.

Genadiglik is ons nie almal fisies wreed teenoor mekaar nie, maar wreedheid is soms baie subtiel. Om nie iemand iets te gun nie; om te wen ten alle koste; om so bietjie skelm te wen; om agteraf praatjies te maak; om iemand te veroordeel sonder bewyse; om emosioneel te verdruk; om nie iemand na waarde te ag nie; om jou maatjie by die skool te verneder; om skel woorde te gebruik om na ander te verwys. Die lys kan ZASTRONNER vol maak! En ons is almal so bietjie skuldig, of hoe? "Die land het sy morele kompas verloor" word nou gereeld gehoor. Miskien moet ons eerste na ons eie kompas kyk – klein begin is groot gewin en niks oortuig beter as voorbeeld nie.

Sjoe, ek moes dit nou van my hart afkry, dankie! Lekker lees aan ZASTRONNER – daar is heerlike stories en bydraes hierdie maand om die gemoedere te lig!

Piet Swanepoel se grappie vir Maart is opvoedkundig van aard: WOORDVERKLARINGS
GEWETE: iets wat pla as alles baie lekker gaan.
ETENSTYD: die enigste tyd wanneer 'n kind nie wil eet nie.
DIEET: 'n manier van maer word waarvoor jy gou dik word.
BRUIDEGOM: iemand wat hom teen iets taais vasgeloop het.
BABAWAENTJIE: verlede jaar se pret op wiele.
WITTEBROOD: die vakansie wat 'n man neem voordat hy vir 'n nuwe baas begin werk.
VLEISBRAAI: 'n partytjie waar die kos bietjie rou en die gaste bietjie gaar is.

Groete tot April.

## NOTICE

Zastronner reserves the right to shorten reports, articles or letters and to hold back any article or letter not suitable for publication. All problems and hints must be taken up with the editor in person. Send photos with a post-paid envelope included to enable the editor to return it. The editor is not responsible for the development cost of films. The opinion of the reporters is not necessarily that of Zastronner. Take notice in good time of the closing dates.

Artikels, stories, briewe, ens. kan gestuur word na squares@mweb.co.za.
Zastronner is elke maand beskikbaar by:
Oog bakkery, Zastron Kafee, Zastron Drukkers, Nell's Restaurant, Squares en Kotteljonsie.

# Minderwaardigheid

Minderwaardigheid is een van daai siektes wat sy duisende verslaan. Dis daardie gevoel: Ek is nie een van die uitverkorenes nie. ʼn Donker gevoel van waardeloosheid sak op jou toe.

Die kultuur en atmosfeer waarin ons leef is ook nie bevorderlik vir die aaklike gevoel van minderwaardigheid nie. Dit vra elke dag: Wie is die beste?! Oral en altyd is daar net kompetisies met die gepaardgaande wonderlike toekennings – wat jy natuurlik ontbeer. In hierdie situasie staan die beeldpoetsers en motiveringsprekers reg om te help (en geld te maak). Solank ek ook net een van hulle kan wees; ʼn toppresteerder, iemand met waarde en aansien.

Omdat net enkeles wenners kan wees, is die meeste van ons verloorders met die gevolg van ʼn dodelike minderwaardigheid. Wat kan ʼn mens doen? Sal ʼn mens probeer om die speelveld gelyk te maak? Sal ʼn mens probeer om jou eie wedstryd uit te skryf, wedstryde waar jy kan seker maak dat jy die wenner is? So bly ons in die sirkel van die kinderliedjie: Ek is tog beter is jy! As dit nie wil werk nie is ʼn mens se laaste toevlugsoord pille. (Pille het hulle plek, maar nie vir dié siekte nie). So probeer ons met pille en kleinere wedstryde, wat onsself uitskryf, ons self wenners maak.

Dit is nie die antwoord nie. Dis dwaasheid. So oorkom ons nie minderwaardigheid nie, maar dit raak net erger. Selfs as jy die wenner is, is dit van korte duur, want daar bly altyd net nog en nog wat meer suksesvol as jy is. Daar is ʼn probleem nie met die feit dat jy nie bo kan kom nie, maar met: JY wil belangrik wees. Dis die fout. Ons wil belangrik wees voor die wêreld. Maar ons belangrikheid is in die hemel, by God. Hy is ons belangrikheid; Hy gebruik ons maar net waar en soos Hy wil en soos ons bedoel en bedraad is. Ek moet nie op my eie plesier ingestel wees nie, maar Hom. Amper soos ʼn hond wat vir sy baas lewe.

Minderwaardigheid is dus net die anderkant van meerderwaardigheid. Albei soek dit op die verkeerde plek: In jouself. Beide gaan dit nooit vind nie, want dit is nie in jouself te vind nie.

Dít bring nederigheid, dankbaarheid, rus, tevredenheid en aanvaarding met wat ek is. Genees van minderwaardigheid en meerderwaardigheid. Rus in God wat reeds alle waarde aan ons lewe toegevoeg het: Hy noem is kinders van God (1 Joh. 3:1-2).

Groete,

# Dankie vir moeite met Pasella

ZASTRONNER wil graag names Zastron se mense dankie sê aan almal – veral aan TAKZA - wat betrokke was by die Pasella uitsending oor ons dorp op 20 Februarie. Dit was so goed gedoen! Ons is baie beïndruk.

En ‘n groot, bewonderende dankie aan almal wat die “guts” gehad het om op TV te verskyn: Piet Labuschagne, Jimmy Gertenbach, Louis Alberts, Teboho “Sticks” Mashapha, Alex van Rensburg, Clement Moletsane en Samuel Johnson se Waterstewel dansers – ons is baie bly dat julle die “gesigte” van Zastron was.

Baie dankie vir die moeite om ons dorp se naam so hoog te hou. Ons is seker mense wil op die oomblik van heinde en verre hier by ons kom kuier – of dalk sommer hierheen trek!

## 50th Wedding Anniversary

Jack and Margie Human got married in Wepener on the 9th February 1963. The reception was held on the farm 'Ladysdale' in the Boesmanskop district. Syd and Bunny Townsend – who have lived in the same community as the Humans and who remained their friends throughout many years - got married on the same day.

Jack and Margie’s 50th wedding anniversary was celebrated by friends and family at Vultures Lodge, Zastron. All four their daughters and their spouses were present, including 6 grandchildren and 3 great grandchildren. It was a lovely, blessed affair, much enjoyed by all.



Jack & Margie Human

**Honesty is the first chapter in the book of wisdom.**

*Thomas Jefferson*

# Thank You

Sincere thanks to all family and friends for phone calls, sms's, flowers and gifts received whilst recovering from recent surgery.

Mike & Marlene Smith

# Thank You Huis Vergesig

Thank you to all the staff of Huis Vergesig for love and caring shown to Evelyn van Tonder whilst a resident there. She is peacefully back in her own home now and as comfortable as can be expected.

We will always be aware of the good service of the home.

Van Tonder & Smith Family

**CHAMPION DISTRIBUTORS**

**4 Mathey Street**
**Zastron**

**TEL/FAX 051-673 1773**

**Verskaffers van MEDAL verf**

- **Hardware & building material**
- **Dress Material**
- **Cement**
- **Gas**

Ons streef daarna om altyd u as kliënt tevrede te hou!

As ons dit nie het nie....kry ons dit!

**KONTAK:** Martina of Nico vir persoonlike diens!




***Donker kringe om oë***

Laas maand het ons gesels oor die oorsake van pofferige oë. Sommige van julle het toe seker al die vraag gehad: ' Wat gemaak met die donker kringe onder my oë?'

Algemene oorsake:

- Moegheid is 'n groot faktor
- Mediese probleme soos slegte spysvertering
- Dit kan geneties wees
- Of dat kan 'n resultaat van allergieë wees
- Tekort aan sekere vitamienes soos Vit C of yster (Praat liewer eers met jou dokter aangesien dit dalk 'n aanduiding 'n siektetoestand kan wees.)
- Sonskade

Behandeling:
Vir moegheid is die logiese oplossing – slaap meer! Maar hoe gemaak as jy 'n nuwe mamma is en pienkvoet wil elke 3-4 ure jou aandag hê? Wend elke aand 'n goeie oogroom aan – vir goeie resultate verkieslik een wat ryk aan vitamiene en antioksidante is. ( Vit A,C en E ) Onthou dat die vel om die oë uiters delikaat en dun is en maklik beskadig kan word as jy te rof te werk gaan . Tik oogroom met jou ringvinger aan. Pigmentasie om die oë sal goed reageer as die produk Vit A ( in hoër dosisse) bevat. (Praat met 'n goed opgeleide skoonheidsterapeut/somatoloog hieroor aangesien te sterk Vit A 'n velreaksie kan veroorsaak!) Verminder ook jou koffie en alkohol- inname! As jy aan allergieë lei – laat jou toets en kry doktersmedikasie. En laaste maar nie die minste – sonskade kan ook donder kringe veroorsaak , so wend altyd, elke dag! daai sonskerm aan!!

Navrae: Anlie – Carmè Velsorgkliniek,
051-6732717 of 082 934 3529

# LABOUR NEWS

Since Marikana and the farm-workers' strike in the Western Cape which lead to the subsequent increase in the minimum wage of farmworkers, we have all become very much aware again of all the various labour issues in our country. Without a hard working workforce our country will grind to a halt. The rights of the people who do the manual labour in our country should be protected. There are many opinions regarding the extent of the protection afforded labour by government, but it remains law and we should all be aware of it – whether we are employers or employees.

| | 01/02/2013 to 31/01/2014 | | | |
|---|---|---|---|---|
| Job Categories | R.p.h | R.p.w. | R.p.m | 27 hours R.p.h |
| Assistant manager | 22.74 | 1023.30 | 4433.96 | 23.72 |
| Cashier | 13.22 | 594.90 | 2577.70 | 13.79 |
| Clerk | 15.81 | 711.45 | 3082.71 | 16.50 |
| Displayer | 15.25 | 686.25 | 2973.52 | 15.89 |
| Gross Vehicle mass: <3500kg | 11.78 | 530.10 | 2296.92 | 12.27 |
| Gross Vehicle mass: 3501 <9000kg | 14.25 | 641.25 | 2778.54 | 14.85 |
| Gross Vehicle mass:9001 <16000kg | 17.22 | 774.90 | 3357.64 | 17.96 |
| Gross Vehicle mass: 16001kg > | 18.97 | 853.65 | 3698.87 | 19.77 |
| Forklift operator | 11.22 | 504.90 | 2187.73 | 11.71 |
| General assistant/Trolley Collector | 11.17 | 502.65 | 2177.98 | 11.62 |
| Manager | 24.66 | 1109.70 | 4808.33 | 25.73 |
| Merchandiser | 12.44 | 559.80 | 2425.61 | 12.96 |
| Security Guard | 12.61 | 567.45 | 2458.76 | 13.15 |
| Sales Assistant | 15.81 | 711.45 | 3082.71 | 16.50 |
| Sales Person | 15.81 | 711.45 | 3082.71 | 16.50 |
| Shop Assistant | 12.44 | 559.80 | 2425.61 | 12.96 |
| Supervisor | 19.31 | 868.95 | 3765.16 | 20.11 |
| Trainee Manager | 20.64 | 928.80 | 4024.49 | 21.52 |

ZASTRONNER, together with the Department of Labour will regularly publish information regarding topical issues relating to labour relations. It will be helpful and informative.

This month we publish the amended minimum wages of Sectoral Determination 9: Wholesale and Retail Sector as published in the Government Gazette Nr. 36076 of 17 January 2013. These wages are applicable to our area.







*"You are never too old to set another goal or to dream a new dream."*

C.S. Lewis

# FS man held over child labour

The following article appeared in the press recently. Keep reading ZASTRONNER for updates from the Department of Labour regarding this issue.

A businessman was arrested for employing young children at a warehouse in Zastron in the Free State, a provincial official said on Monday. The man rewarded the child workers with only a soft drink and a packet of biscuits, said labour department spokeswoman Wisane Mavasa.

The man was caught using seven children, aged between nine and 13 years, to work as packers at his warehouse last Tuesday.

"His arrest came after our department received information from concerned community members," said Mavasa.The children were responsible for loading stock in trucks at two warehouses he owns, at Zastron and at Sterkspruit in the Eastern Cape.

They were also made to travel in these trucks and deliver the goods at different towns in both provinces in the middle of the night. Mavasa said it was established that the children, some whose service dated back to three years ago, had worked for the employer without getting any remuneration.

"Instead, the children were offered a 2lt Twizza fizzy drink and a packet of biscuits after every shift," she said. The man appeared in the Zastron Magistrate's Court on child labour charges last Thursday.

He was not asked to plead and was released on R2000 bail pending the trial. The children were removed from his premises and placed at the SA Police Service victim support centre for overnight care.

They were later handed over to the department of social development.

Free State chief director of provincial operations Marsha Bronkhorst, said the department would stop at nothing in its fight against law-breakers who chose to ignore the laws that protected the rights of children.

"We will ensure that the law runs its course and justice prevails for these children."

**Expect problems and eat them for breakfast.**
*Alfred A. Montapert*

**By failing to prepare, you are preparing to fail.**
*Benjamin Franklin*


Ned's
Bar & Restaurant



Trading Hours:
Tue - Sat 11am till late
Kitchen closes at 9pm

34 Hoofd Str
Zastron

Tel: 078 944 7354
GPS: S 30°18.494"
E 27°04.867"

# PLEASE RETURN YOUR LIBRARY BOOKS!



Do you have library books outstanding for longer than two weeks, or fines not paid at your library? We are giving a period of grace until 1 April 2013 for outstanding books to be returned and outstanding fines to be paid.

***After 1 April 2013?***

If you do not return our library books on time, you will have to pay a fine; If you do not pay your fine, you will be barred from using the lending service; If you are barred you will not be able to borrow any library material until your outstanding fines are paid; so…..

**PLEASE RETURN OUR BOOKS ON TIME!**

**Huis te Huur**



**Netjiese 4 slaapkamerhuis met 4 badkamers asook 'n motorhuis te Rouxville.Groot erf met omheining. Kontak:083 764 7720.**

# MOMENTS

*by Roland Stafford*

Napier farm stall was in a prime position on the main road between Caledon and Agulhas. It should have attracted all the passing trade but it didn't. It was run down and unattractive. Then Isla swept into town and bought it. Within a twinkling of an eye it was transformed. There was the comforting smell of hot fresh bread. The gleaming new fridges held farm cheeses and unpasteurised full cream milk. Wooden tilted shelves were loaded with organically grown scrumptious vegetables. She gave free breakfasts and the clientele flocked. A pergola was added to the bare stoep and grapes dripped over the seated guests to be reached for and picked.

When Ilsa heard my birthday was coming up on the 25th of August she bought four tickets for a DRAG SHOW at "ON BROADWAY" in Cape Town.

Late in the afternoon of the 25th Gordon and I booked into the Arthur's Seat Hotel and got instant vertigo because we were so many floors up.

We went down to the terrace to have drinks with Margaret Cowley and waited for Ilsa and Kathy to pick us up to go to drinks at PLANET HOLLYWOOD and then onto the show. Margaret left and still we waited.

About seven thirty Ilsa and Kathy rushed onto the terrace. "We will have to leave PLANET HOLLYWOOD out and go straight to the show. It starts at eight."

We all climbed into her car and raced down Regent Road to the Night club. There was the screech of sirens as ambulances and police cars hurtled by. What was going on?

When we got into ON BROADWAY, everybody was talking on their cell phones. We sat at a long table with other of Ilsa's guests and they rapidly told us that there had just been a bomb explosion at the bar counter in PLANET HOLLYWOOD!

Two people sitting at the bar had been killed! The briefcase containing the bomb had been placed at the end of the bar, just where we would have sat because we were only going there for a drink.

Talk about "JUST BY THE SKIN OF YOUR TEETH." The DRAG SHOW was great fun and the buffet dinner marvellous. We all had a wonderful evening of fun.

The next day, after spending the night listening to thousands of rattling air conditioners in Sea Point, we got into my kombi and fled straight back to the safety

# OP REIS DEUR SUID-AFRIKA

Soos byna alle regte egte plaaskinders wat in die Vrystaat grootgeword het, sal ek my voortande gee vir 'n lekker stukkie biltong met so 'n vetjie aan die kant! So 2 jaar terug sit ek een dag op die SA Musiekfeeste se webtuiste en rondblaai, toe ek op die Biltongfees van Somerset-Oos afkom, en daar sien ek in my geestesoog visoene van rye en rye biltong – beesbiltong, koedoebiltong, springbokbiltong, volstruisbiltong – 'n stukkie vir elke gier en smaak! En skielik voel ek ryk en avontuurlustig want Trevor Manuel het net die vorige dag vir my 'n deeltjie van my swaarverdiende belastinggeld terugbetaal – ek bespreek 'n vliegtuigkaartjie van die Kaap af tot in Port Elizabeth, huur 'n voertuig van Port Elizabeth tot in Somerset-Oos en kry blyplek by 'n vroutjie wat kamers vir die duur van die fees verhuur.

**Somerset-Oos**

Die son sit nog hoog die middag toe ek Somerset-Oos binnery, en met die eerste oogopslag verloor ek my hart op die dorpie. Dis in die Oos-Kaap se deel van die Karoo, nie ver van die N10 nasionale pad wat Port Elizabeth met die binneland van SA verbind nie, en ook op die hoofroete tussen Port Elizabeth en Graaff Reinet.



**Historiese oorsig**

Somerset-Oos het 'n baie ryk geskiedenis en het sy ontstaan te danke aan die Britse Weermag en die Afrikaners wat in die area gewoon het voor die Britse besetting van die area. Volgens geskrifte wat uit die 1770's dateer, was die dorp eers bekend as Nojoli, en later as Agter Bruintjies Hoogte. Anders Sparrman, 'n Sweedse botanikus het op 30 Desember 1775 die volgende geskryf: "The first place where we took up our lodging was at an old elephant hunter's of the name of Prinsloo, who was the first that had migrated here, and at the bottom of a high mountain had pitched upon the finest situation for a farm in the whole district, and, I had almost said, in all Africa." (sic) Min optekende inligting deur die eerste Europese ontdekkingsreisigers in hierdie gebied is beskikbaar, maar dit wil tog voorkom of in omtrent 1689 'n Khoikhoi hoofman genaamd Hintsati en sy stam die inwoners van Nojoli was. In 1781 besoek 'n Franse voëlkundige, Francois le Valliant die gebied om voorbeelde van verskillende voëlspesies te versamel en is die eerste persoon wat die rooi-bors koekoek, wat in die volksmond as die Piet-my-vrou bekend staan, opteken en beskryf. Deel van sy geselskap was 'n bobbejaan, genaamd Kees wat sy kos moes proe voordat hy dit self eet, en genoeg klere sodat hy drie keer per dag kon verklee.

Op die 1st Januarie 1815 het die Britse regering aan die Kaap die plaas vir 270 pond gekoop om as verversingstasie vir die Britse troepe op die Oosgrens te dien waar hulle groente kon kweek en vee kon aanhou. In 1825 het Lord Charles Somerset opdrag gegee dat die plaas verkoop moet word en is dit in 94 erwe opgedeel en op 'n veiling verkoop.

**Slachters Nek Rebellie**

In 1815 word 'n boer van die oostelike grens van die Kaapkolonie, Frederik Bezuidenhout, gedagvaar om voor 'n landdroshof te verskyn na herhaalde bewerings van sy onregverdige behandeling van een van sy Khoi-arbeiders. Bezuidenhout verset hom teen arrestasie en vlug na 'n grot naby sy huis, waar hy homself teen die

soldate wat gestuur is om hom te vang, verdedig. Toe hy weier om oor te gee, word hy deur een van die soldate doodgeskiet.

Een van Bezuidenhout se broers, Hans Bezuidenhout, sweer wraak en saam met 'n buurman Hendrik Prinsloo organiseer hulle 'n opstand teen die Britse koloniale mag, omdat hulle geglo het die Britte is vyandig teenoor die Afrikaner-boere. Op 18 November 1815 ontmoet 'n kommando van die rebelle met 'n gewapende mag van landdros (magistraat) Jacob Cuyler, die militêre bevelvoerder op die oosgrens, by Slachter's Nek in die distrik van Somerset-Oos. Onderhandelinge misluk, en die meerderheid van die rebelle verlaat die vergadering sonder enige skote. Twintig rebelle gee hulle self oor, gevolg deur nog 'n paar oor die volgende dae. Sommige van die leiers, onder wie Hans Bezuidenhout, het egter geweier om hulself aan die Britse owerhede oor te gee. Op 29 November 1815 word hulle deur koloniale troepe aangeval en almal behalwe Bezuidenhout gee hulle oor, en soos sy broer, sterf Hans ook terwyl hy hom verset teen arrestasie.

Die rebelle is uiteindelik in Uitenhage verhoor. Sommige is vrygelaat, ander gevange geneem of verban. Ses is ter dood veroordeel, maar een van hulle is deur die Goewerneur, lord Charles Somerset begenadig. Op 9 Maart 1816 word die oorblywende vyf in die openbaar by Van Aardtspos opgehang. Vier van die galgtoue breek met die eerste probeerslag omdat die laksman wat die vonnisse moes voltrek nie geweet het dat daar vyf manne was wat gehang moes word nie, en het ou toue gebruik. Die vier wie se toue gebreek het , en die publiek het gepleit vir hulle lewens, maar Culyer beveel dat hulle 'n tweede keer gehang moet word. Die name van die vyf wat daardie dag gehang is, was Hendrik Prinsloo, Stephanus Bothma, Abraham Bothma, Cornelius Faber en Theunis de Klerk.

Alhoewel baie van die grens-boere nie die rebellie ondersteun of daarmee saamgestem het nie, het sommige Voortrekkers beweer dat dit een van die redes vir die Groot Trek uit die Oos-Kaap was.. Op 9 Maart 1916, presies 100 jaar ná die vonnisvoltrekking, is 'n monument op die plek waar die manne gehang is op die N10 suid van Cookhouse onthul.

**Biltongfees**

In die middel van die winter vind die jaarlikse Biltongfees op die dorp plaas. Dit is sowaar 'n belewenis want behalwe goeie musiek is daar die interessantste stalletjies en karakters wat mens daar raakloop.

Hierdie kleurvolle man balanseer 'n mandjie vol rou eiers op sy kop en is selfs braaf genoeg om dansies op maat van sy vuvuzela-musiek uit te voer as hy 'n geldjie in jou hand sien blink!



En ek het my vergaap aan die Kaapse Klopse se ritme, hulle danse en hulle lekker lyfswaai liedjies! Dit was sowaar een van die lekkerste feeste waar ek nog was en die mense se gasvryheid is ongelooflik. Akkommodasie is bekostigbaar en mens voel van die eerste oomblik af spesiaal.



Vir meer inligting oor Somerset-Oos en sy mense, besoek gerus hulle webwerf www.somerseteasttourism.co.za of vir Ros Turner by die Blue Crane Route Tourism Office – tel no: 042-2431448 of 073 698 6539. Ns – en daardie naweek het ek my knuppeldik

# Among my Souveniers

## Die wonder van die doringlose Roosboom

'n Baie klein takkie met 'n baie eienaardige voorkoms – amper soos díe van 'n vurk, maar die stammetjie is glad en kaal. Wat se betekenis kan dit nou as 'n soewenier inhou? Hoe het dit in my Taverna Venezia beland en wat is die storie daaraan verbonde?



*Die doringlose Roos takkie in my Taverna. Foto: Alex van Rensburg*

Dit was 'n paar eeue gelede toe St Francis van Assisi, 'n skatryk jong man, besluit het om die wêreld met al sy ydelheid vaarwel toe te roep en sy lewe aan die werk van Christus te wy.Met sy beroemde leuse, "Loof en prys my Heer en dien hom met die grootste nederigheid", het hy deur Italië gereis en in die uiterste armoede die Woord van die Here verkondig.



*Die reuse Basilika van St.Francis in die dorp Assisi in Italië. Foto: Alex van Rensburg*

Baie gou, egter, het hy 'n tuiste in die dorp Assisi gevind. Hier is die groot Bassilika en Klooster, wat na hom vernoem is, later opgerig. Ook bekend vir sy groot liefde vir diere word hy uitgebeeld met 'n bakkie in sy hande. Hierdie standbeeld van hom word langs die roostuin in die Basilika gehuisves. Spierwit duiwe maak nes in die bakkie en kleintjies word daar uitgebroei.

As jong Priester is St.Francis een dag geteister deur die grootste aardse versoekings moontlik. Radeloos en bevrees dat hy nie daarteen kon veg nie, het hy by die venster oor die tuin met die Roosboom, uitgekyk. Na 'n vinnige besluit het hy binne in die roos bos gespring en daarin rondgerol. Sy bebloede liggaam is deur mede Priesters na 'n binne vertrek geneem waar hy versorg is. Op wonderbaarlike wyse het die versoekings hom verlaat – hy was vir goed daarvan verlos.



*St.Fransis se standbeeld met die bakkie in sy hande waarin die lewende duiwe broei.*
*Foto: Alex van Rensburg*

Die grootste wonder was, egter, dat na 'n ruk al die dorings in die roosboom verdwyn het. Niemand kon verklaar waarom dit gebeur het nie.Tot vandag is hierdie die enigste roosboom wat geen dorings het nie. Daar is baie keer probeer om dit op ander plekke te kweek, maar sonder sukses.Waar daar geslaag is om "n nuwe plant aan die groei te kry was hierdie vol dorings.

Ek het die dag in die Basilika van die Heilige St.Francis van Assisi deurgebring – ook die tuin met beroemde doringlose roosboom besoek. Die tuin is met yster tralies omhein – niemand mag binne gaan nie.

Ek kyk vlugtig om my – maak seker dat niemand my sien nie. Ek steek vinnig my hand deur die tralies, voel die gladde takke sonder dorings.Ek breek 'n takkie af en vinnig verdwyn dit in my sakboekie.

Vandag is besoekers aan my Taverna Venezia welkom om hierdie geskiedkundige takkie te kom besigtig.



*Die beroemde doringlose Roosboom in die tuin van die Basilika in Assisi.*
*Foto: Alex van Rensburg*

# Ou Plaat diep herinneringe op.

Op die draaitafel,'n plaat, maar nie net 'n gewone langspeel plaat nie.Liedjies, soos die Nonne Koor, Never on Sunday, die Chianti Lied, selfs Kimberley se Trein, streel saggies die gemoed van die luisteraar. Soet helder stemme, waarvan die klanke om jou spoel – liefkosend meng met die herfsblare, wat buite in die wind ronddans. Baie spesiaal, ja, baie, baie spesiaal.

Hierdie ou plaat van die Zastron Dameskoor, onder leiding van Mevr.Engela De Kock, amper 50 jaar gelede opgeneem, is deur Mevr.Adelle Wilken van Rouxville in 'n pak kamer ontdek.

Dit is nog 'n herfsdag,maar amper 'n halfeeu gelede – die herfs van 1967. Reeds het De Kock tot die besef gekom dat daar 'n groot behoefte aan 'n Dameskoor op die klein plattelandse dorpie, Zastron, bestaan.Saam met Mevr.Marwil van Hasselt, 'n baie begaafde pianiste, het sy die Zastron Dameskoor die lig laat sien.

Die koor het bestaan uit dames van die dorp en distrik. Slegs twee was ongetroud en die entoesiasme was sò groot dat sommiges tot 70 Km moes aflê om 'n oefening by te woon.Hierdie ywer is egter goed beloon, want nie net het die koor 'n bydrae tot die opheffing van kultuur op die platteland gelewer nie, maar groot hoogtes is ook deur hulle bereik.

Uitvoerings is op omliggende dorpe, Rouxville, Smithfield, Wepener en Vanstadensrus gehou. Baie gou was daar 'n groot aanvraag na hulle dienste.

Kort hierna kondig die destydse Suid Afrikaanse Uitsaai Korporasie (SAUK) 'n landwye wedstryd, vir kore, aan. Die koor besluit om in te skryf en uit 78 inskrywings haal hulle die finale en op 21 Augustus 1969 kon luisteraars op die Afrikaanse diens na hulle uitsending luister.

Hierna het die koor verskeie kere in Bloemfontein opgetree, waaronder hulle ook 'n opvoering ten bate van die Nasionale Kanker Vereniging, in die Stadskouburg, gelewer het.'n Deel van die opbrengs van hulle eerste plaatopname is aan die Volksblad Kersfonds geskenk.

Toe De Kock in 1980 haar studies moes voortsit is die Zastron Dames Koor ontbind.

Engela de Kock het haar musiek opleiding gehad waar sy in vioolspel gespesialiseer het. As violis het sy saam met die Durbanse Jeugorkes en op 14 jarige ouderdom met die Fiharmonieuse Orkes, in verskeie opvoerings opgetree.

Sy het haar musiek studies by UNISA voortgesit. Die grade B.A en B.Mus. gevolg deur B.Mus.honneurs, is met lof geslaag. Na die dood van haar man, Xander, 'n boerende veearts, het sy na Serenitas Aftree Oord, in Bloemfontein verhuis. Hier hou sy haarself nog steeds besig met die afrigting van die Serenitas koor wat al by verskeie geleenthede in Bloemfontein opgetree het.

Soos sy luisteraars met haar vioolspel betower het, het sy hulle ook met haar koor, haar skepping, betower. Soos die herfsblare het hierdie skepping verdwyn, maar hulle stemme sal bly lewe – vir altyd, op 'n ou langspeel plaat verewig.



*Die Zastron Dames Koor ; Voor VLNR, Mevre.A.Venter, D.Joubert, A.Stevens, H.Swart, M.Olivier, S.Van Rensburg, E.De Kock(Koorleidster) en M.Van Hasselt(Begeleidster).Agter VLNR: Mej.R.Botha,Mevr.D.Wessels, Mej.A.Groenewald,Mevre. H.Marais, M. Klopper, K.Greyling, M. Coetzee en K.Eloff. (Foto Verskaf)*



# Vultures Poisoned

In response to the disturbing letter from Christine Cronjé, ZASTRONNER approached some knowledgeable people for comment regarding this issue. We learnt the following:

1. It seems as though vultures are being seen more often in our area of late. This is very good news on many levels – not only for the well-being of the environment, but also in terms of tourism to our area. Let us hope that they will keep trying to make a comeback.

2. Jackals kill sheep at an alarming rate. According to a trustworthy source farmers in our immediate area lost millions of rands in revenue last year – and these are just cases that this person is aware of. The damage is significant. There is little doubt that farmers become frustrated when they see the damage done by jackal.

3. The most humane way of dealing with the scourge is to hunt and shoot them. This is not a foolproof method, but still very effective.

4. It is a fact that poison is still used extensively to kill jackal. This is against the law.

5. The irresponsible use of poison kills not only jackal but numerous other living things that feed off a carcass – not only vultures suffer.

6. Even though illegal, there are more responsible ways of using poison. Vultures feed during the day only as they need to spot their carrion from the sky. A poisoned carcass should be removed during the day and only put out at night. It is also better to use small pieces of poisoned meat, hidden under grass, to lure jackal. This is very effective and vultures cannot spot it from the sky.

All in all it seems as though farmers know what the right thing is to do, but frustration at their losses may lead to irresponsible behaviour which robs us all of the possible joy of seeing vultures return to our mountain.

<u>VULTURES POISONED</u>

When recently working on a windmill near a disused and empty reservoir, Willem Cronje was shocked to discover the rotting carcasses of half a dozen Cape vultures lying on the floor of the reservoir.

It would appear that the birds had been poisoned and the bodies hidden in the reservoir. Most probably they had been attracted to a poisoned carcass. This recalls an incident a couple of years ago when the local veterinarian, Dr Brandt, assisted in saving a couple of poisoned vultures.

Cape vultures have, in the last year, more often been seen in the skies above Zastron. These splendid birds fulfill a very important function in nature, and good farmers see them as a critical component of our farming ecology. It is a great pity that some farmers still leave poisoned carcasses out to kill jackals and caracal. This selfish attitude impoverishes the entire community.

Christine Cronjé

Christine Cronje.

11/02/2013

The letter received from Christine Cronje

# Zastron Tennisklub Jaarlikse Afsluitings Funksie



*Hierdie groep spelers van die Zastron Tennis Klub geniet die jaareind Braai van die Klub.* *Foto: Alex van Rensburg*

# Gariep Tennis span-kompetisie vier 10de jaar.

Vir die tiende agtereenvolgende jaar het Zastron Tennis Klub weer die Xariep tennis span-kompetisie, op Saterdag 26 Januarie 2013, aangebied.

8 spanne van 8 spelers elk ding in 'n A en B seksie, met mekaar mee.Die A seksie het vanjaar uit Aliwal Noord, Burgersdorp, Dewetsdorp en die Suidelike Universiteit vir Tegnologie van Bloemfontein, bestaan, terwyl die B seksie uit Hoopstad, Wartrail, Springfontein en Mundene van Bloemfontein saamgestel is.



*Aliwal Noord se wenspan. VLNR: Izelle Troskié,Hugo Laubscher, Adelle Brown, Anette Steyn, Christine Keyser, Justin Pretorius, Phullip Darke en Reon Henning. Foto: Alex van Rensburg*

Oor die 10 jaar het Aliwal Noord 5 keer die A afdeling en Hoopstad 5 keer die B afdeling verower.Hoopstad is sovêr die enigste span wat aan al 10 toernooie deelgeneem het.

Mnr. Redge Henning, organiseerder van die toernooi, vertel dat hy in 2003 gevoel het dat iets dringend gedoen moes word om tennis in die streek weer op die been te bring, aangesien liga wedstryde en ander kompetisies heeltemal doodgeloop het.

Die idee van 'n kompetisie, waaraan spanne uit die Vrystaat en Noord Kaapland kon deelneem het by hom posgevat en die eerste toernooi is vroeg in 2004 van stapel gestuur. Dit kon ook dien as fondsinsameling vir die klub. Hierna het die toernooi van krag tot krag gegaan en is vandag 'n mekka vir tennisspelers van die Vrystaat en Noord Kaap.

Vanjaar se kompetisie is na strawwe spel deur Aliwal Noord (A afdeling} en Hoopstad (B afdeling) gewen.'n Baie gesellige dag is met 'n braai afgesluit.



*Die organiseerder van die toernooi, Mnr. Redge Henning by*

# Zastron Rolbal Klub begin tweede Besigheidsliga.




*Die toernooi begin en die spanne vat mekaar aan* *Foto: Alex van Rensburg*

Donderdag 31 Januarie 2013 – by die rolbal klub wemel dit van die mense. Dit bewys net hoe populêr die eerste besigheids liga, verlede jaar, deur die rolbal klub gereël, was.

Vanmiddag begin die tweede toernooi en 12 spanne van drie spelers elk, het ingeskryf. Die spanne sal op 'n gereelde grondslag teen mekaar meeding en die wenner sal in Mei, wanneer die toernooi afsluit, aangewys word.

Elke span moes sy eie naam uitdink en name soos "Scotty's Midas", "Blik Sons", "Three Blind Mice", "Legal Eagles" en vele meer, is aan die orde van die dag.Wonderlike oorspronklike name – laat geen twyfel aan die breinrykheid van rolbalspelers nie.

Verlede jaar se wenners, die "Blik Sons" wou nie vir 'n foto poseer nie. Volgens hulle kaptein wil hulle graag 'n lae profiel handhaaf en sodoende sorg dat hulle foto eerste aan die einde van die toernooi geneem word.




*Die President van die Klub en Kaptein van die "Blik Sons", Mnr. Blik van der Merwe open die verrigtinge. Foto: Alex van Rensburg*

Die eerste toernooi eindig in Mei waarna die volgende in September sal begin.




*"Scotty's Midas" Bok, Nico en Leon* *Foto: Alex van Rensburg*



*"Three Blind Mice" M.Stumpfie, G.Jonker en S.Riesenbeek.*
*Foto: Alex van Rensburg*

# Het jy geweet?

## *Insekte*

Afrika wemel van groot, veelkleurige skoenlappers, en groot insekte soos die stokinsek en naaldekoker. Ander bekendes is die mantis, sprinkane ( wat kos én plaag is), miere en termiete wat reuse miershope bou, en die miskruier.

